

# VRYSTAAT LANDBOU NUUSBRIEF



## Boere gevra om paaie te herstel, maar ...

Vrystaat Landbou is versoek om die Departement van Paaie by te staan om plaaslike paaie te herstel, maar is ook terselfdertyd in kennis gestel dat die departement boere nie vir hul uitgawes kan vergoed nie.

“Al is ons lede nie padbouers nie, was Vrystaat Landbou (VL) nog altyd bereid om met die provinsiale regering saam te werk,” sê Francois Wilken, president van VL. Ongelukkig is SEB en regstellende aksie-wetgewing en -vereistes die groot struikelblokke wat verhoed dat plaaslike boere, kontrakteurs of gemeenskappe betaal word om met die oplossing van die groeiende krisis te help”.

Vrystaat Landbou is tans op grond van ’n regsopinie besig om die relevante papierspoor wat in die pad vorentoe gebruik kan word, in plek te kry. Intussen spring boere in verskeie areas maar weer self in om paaie rybaar te maak, ten einde hul produkte te kan lewer. [Lees meer](#)

*VL is tans op grond van ’n regsopinie besig om die relevante papierspoor wat in die pad vorentoe gebruik kan word, in plek te kry.*



## Nuwe VL vise-president oplossings gedrewe

Friedl von Maltitz is op 17 Februarie 2022, tydens 'n Uitvoerende bestuur vergadering as nuwe vise-president van VL verkies.

Friedl is 'n opgeleide prokureur wat reeds die afgelope 22 jaar 'n lid van VL is

Hy sal tydens sy termyn graag wil sien dat oplossings vir belangrike kwessies, soos die verval van die padinfratstruktuur, gevind word.

Hy volg Jacobus Stroebel op wat in Desember 2021 tragies verongeluk het.

### Diensverskaffers

VL wil graag vir ons lede meer waarde toevoeg.

Daarom is 'n platform op ons webtuiste geskep waar instansies/maatskappye wat produkte en / of dienste relevant tot landbouers bied, kan registreer.

Stuur gerus voorstelle van instansies na [elana@vslanbou.co.za](mailto:elana@vslanbou.co.za)

**[Kliek hier](#)**

### Belangrike dokumente vir lede:

- Die [2022 Minimum loon berekening](#) (gebruik u VL-lidnommer om in te teken)
- [Vrystaat Landbou beleide](#) (gebruik u VL-lidnommer om in te teken)





## VL Lede konferensie

Vrystaat Landbou bied op **12 April 2022** 'n konferensie aan en nooi alle opbetaalde lede asook die landbouvereniging voorsitters en sekretarisse uit om die geleentheid gratis by te woon.

Dr Frans Cronje en Dawie Roodt is die gassprekers.

Vrystaat Landbou se pad vorentoe binne landbou strukture sal tydens huishoudelike sake hanteer word.

Die wenner van die Landbouvereniging van die Jaar Kompetisie 2021, sal ook bekend gemaak word.

U kan by Cynthia Troost registreer of skakel 051 444 4609.

*Vrystaat  
Landbou se pad  
vorentoe binne  
landbou  
strukture sal  
tydens die  
konferensie  
bespreek word.*

## Jongboer Konferensie - 7 April 2022

Vrystaat Landbou se Jongboer Konferensie belooft om vanjaar elke jongboer met positieweiteit en entoesiasme te vul.

Die bekende motiveringspreker, Dr Gustav Gous, gaan die gehoor op die punte van hul stoele hou!

Bespreek jou plek by [cynthia@vslandbou.co.za](mailto:cynthia@vslandbou.co.za)